

DIE AFRIKANERKIND EN DIE BOEK, VYFTIG JAAR GELEDE

deur

J. S. OLIVIER

Mnr. J. S. Olivier is op 27 Mei 1897 op Graaff-Reinet gebore. Hy het die „Graaff-Reinet College” bygewoon, en later in Stellenbosch gestudeer. Hy het as Springbok-rugbyspeler bekend geword. Hy het in Bethal en later aan die Helpmekaar-Hoërskool, Johannesburg onderwys gegee. In 1946 het hy hoof van die Kensington-Hoërskool geword en daar gebly tot met sy aftrede aan die einde van 1957. Hierdie lesing is in 1957 gehou tydens die opening van die biblioteek van die Kensington-Hoërskool.

UIT die aard van die saak moet ek persoonlik wees as ek praat oor die onderwerp: „Die Afrikanerkind en die boek 50 jaar gelede.”

Die Afrikanerkind en die boek 50 jaar gelede is iets totaal anders as die Afrikanerkind en die boek vandag. As 'n Afrikanerkind vandag praat van 'n boek, dan dink hy aan 'n Afrikaanse boek; 50 jaar gelede het 'n Afrikanerkind 'n boek geassosieer met Engels.

Trouens Afrikaanse boeke het feitlik toe nie bestaan nie.

Die meerderheid van Afrikanerkinders is vandag gekonsentreer in ons stede en dorpe, waar hul letterlik omring is van boeke; 50 jaar gelede was die Afrikanerkind 'n plattelander en ver van boeke af.

As kind op 'n plaas was my lewe, net soos die van my tydgenote 50 jaar gelede, so vol met die gewone bedrywighede van die boerdery dat daar nouliks tyd was vir 'n boek.

As kind het ek gespit, geplant en geskoffel, lusern gesny, bome en diere versorg, gemelk, vrugte gepluk en verpak. In my vrye tyd het ek perd gery, berg geklim, bobbejane en dassies gejag, aspaai, swartmannetjie, tol en albaster gespeel.

Met boeke het ek nietemin in aanraking gekom.

Die eerste boek wat ek mee kennis gemaak het, was die Hollandse *Kinderbybel*.

Saam met die *Kinderbybel* het daar altyd met huisgodsdien op tafel verskyn „Die Vraeboek”, „Het Hart Boekje” en 'n boek met die naam „De Laatste der dagen”.

Na Godsdien is ons kinders vrae gevra uit die „Vraeboek”. Die eerste vraag was: Wie schiep hemel en aarde? En dan moes ons kinders antwoord: God schiep hemel en aarde.

„De Laatste der Dagen” het gehandel oor natuurverskynsels, soos aardbeings, vuurspuwende berge, oorstromings, orkane, ens. wat deur die skrywer

voorgehou is as tekens dat die einde van die wêreld op hande was. Die boek het prente van dié natuurverskynsels bevat wat 'n vreesaanjaende uitwerking op my kinderlike gemoed gehad het.

„*Het Hart Boekje*” het bestaan uit sowat 24 prente sonder teks. Op die buiteblad was 'n afbeelding van 'n hart waarin Christus troon, omring van engele. Bokant die hart was 'n afbeelding van die duiwel met bokkop en horings, asook bokkloue, en 'n grynslag op sy gesig. En in sy regterhand het hy 'n 3-tandvurk gehad.

Dan was daar om die hart geskaar sowat 15 diere wat die verskillende ondeugde voorgestel het: 'n skilpad — luiheid; 'n pou — hoogmoed; 'n slang — nydigheid; en so meer.

In die prente wat volg, wyk Christus en die engele geleidelik uit die hart, en hul plek word ingeneem deur die duiwel en die diere wat die ondeugde voorstel. Op die laaste bladsy sit die duiwel dan getroon, met die diere rondom hom. Intussen het Christus en die engele uit die hart gewyk.

Die hartboekie het my gewete geskerp en my bewus gemaak van alledaagse sondes.

Vroeg in my lewe het ek met die Hollandse *Gesangeboek* kennis gemaak. Hieruit moes ons elke week 'n vers van buite leer vir Sondagskool. Maar ek moet ruterlik erken dat ek min van die inhoud van die verse verstaan het, omdat dit nooit aan my deur die Sondagskoolonderwyser verduidelik is nie.

In my ouerlike huis was ook 'n eksemplaar van *De pelgrimsreis na de Eeuwigheid* 'n vertaling van John Bunyan se „Pilgrim's Progress”. Hieruit het my moeder ons baie stories vertel.

Die boek wat ek uit my kinderjare egter beste onthou is, „*Hoe zij stierven*”. Hierdie boekie het die lewes beskryf van 'n aantal Kaapse rebelle wat tydens die Anglo-Boereoorlog wapens opgeneem het en geveg het teen die Engelse aan die kant van die Vrystaat en Transvaal. Hierdie rebelle is deur die Engelse gevange geneem en doodgeskiet.

Menig aand na godsdienste het my vader die geskiedenis van die kranige jong Afrikaners aan ons vertel. En omdat my vader bevriend was met 'n paar van die rebelle en self in die tronk was gedurende die oorlog, kon hy met besondere gevoel van hulle vertel. Hierdie vertellings het meer as enigiets anders in my lewe my nasiebewus gemaak en trots laat voel om Afrikaner te wees.

Alvorens ek oor boeke praat wat ek op skool mee kennis gemaak het, moet ek sê dat ons 4 tale op skool geleer het. Engels was die medium van ons onderwys, „Dutch” was ons tweede taal en Latyn en Grieks, twee bykomstige tale.

Afrikaans wat my huistaal was, het glad nie in aanmerking gekom nie.

Toe ek skool toe gegaan het, het ek van Engels slegs „yes” en „no” geweet. Julle kan dan ook begryp met hoeveel taalmoeilikhede ek op skool te kampe gehad het.

In die klaskamer het ek gewoonlik maar geswyg, uit vrees dat ek 'n bok sou skiet, en slegs vrae beantwoord waarop die antwoord „yes” en „no”, was.

„Grammar” was baie belangrik in daardie dae; maar eers in st. 4 het ek 'n „Grammar Book” gekry. Alles wat ons geleer het moes ons van buite leer.

Die eerste paragraaf in die „Grammar Book” het gegaan oor wat „grammar” behels en het gelui: „Grammar consists of 4 parts: orthography, etymology, syntax and prosody”.

Wat dit alles beteken het, het ek jare daarna eers uitgevind; maar „grammar” het ek geleer.

Soortgelyke taalmoeilikheid het ek by die studie van alle vakke ondervind.

In geskiedenis het ons i.v.m. die 6e Kaffer-oorlog geleer: „Kreli plundered far and wide.” Wat dit presies beteken het, is my nooit gesê nie. Ek het maar geraai dat dit ingesluit het waens, perde, ruië, ploëë, ens. en soos ek kon vermoed het, het ek verkeerd geraai.

Ek kry nou nog lag oor die begrippe wat ek van Aardrykskunde gehad het.

Die eerste paragraaf in die rooi st. 3 Aardrykskunde-boekie het gelui: „The earth on which we live is an imaginary ball or globe, slightly flattened at the poles, not unlike an orange . . . ”

„Dutch” was my tweede taal; maar omdat dit so afgeskeep was op skool, was dit vir my soms vreemder as Engels.

Om julle 'n idee te gee van hoe dat ons „Dutch” geleer het, moet ek 'n staaltjie vertel. In st. 5 of 6 was ons leesboek „*Het Zoele Zuiden*”. Jare later het ek uitgevind dat dit nou eintlik beteken: die warm suide.

Aan die begin van die „Dutch Lesson” het ons juffrou altyd gesê: „Now take out your copies of „*Zoellie Zyden*”.

Geleidelik het ons darem met „Dutch” gevorder. Soveel so, dat ek deur „Dutch” my eerste liefde vir poësie aangekweek het.

Ons voorgeskrewe boek in st. 8 was 'n versameling van patriotiese gedigte deur Hendrik Tollens en het ingesluit „*De Over-wintering op Nova Zembla*”, waarin Tollens die heldedade besing het van die stoere Hollandse seevaarders wat in die 16e eeu tevergeefs probeer het om 'n noord-oostelike seeweg na Indië te vind.

Ek het die Hollandse seuns beny dat hulle sulke helde gehad het. In die romantiese stadium van 'n seun van 13-14 jaar het ek gehunker na helde wat ek kon vereer, indien nie aanbid nie. Oor ons Afrikaanse helde was daar toe

nog nie geskryf nie. Ek het toe maar die Hollandse helde op 'n afstand vereer deur die gedigte van Tollens oor en oor te lees. Die papierband van die digbundel het later stukkend geraak. En toe het ek die rug daarvan versterk met 'n stukkie sagte leer van 'n ou handskoen van my moeder. Ek het die boek nog.

Die eerste boek wat my eie was, wat ek self aangeskaf het, was 'n naslaanboek — 'n „*Pocket Gazetteer*” — aardrykskundige woordeboek — wat ek van 'n vriend Martin v. Wyk geruil het vir 'n stylo-pen en 'n windbukskolf of iets dergelyks. Wat ek vandag weet van Aardrykskunde is grootliks te danke aan die „*Pocket Gazetteer*”.

In st. 7 het ek begin Engelse boeke lees. Ek meen dat „*Coral Island*” van G. A. Henty die eerste Engelse biblioteekboek is wat ek gelees het. En het ek my nie verlustig in die avonture van Ralph en Peterkin in die suidsee-eilande nie!

Omtrent daardie tyd het 'n boeksensasie in ons skool plaasgevind. 'n Klasmaat, Allan Law, het 'n boek in hande gekry: „*The man that would not hang*” — die moordenaar wat hul in Engeland 3 maal probeer ophang het, en drie keer het die apparaat van die laksman geweier. Waar wil jy ryker vitamine-kos vir 'n seun van 13-14 kry! Ek het die boek ook gelees en was dit nie 'n ontvinding nie! Daardie aand moes my hond en my meerkat agter my rug slaap.

Namate ek gevorder het in die hoërskool, het ek meer en meer Engelse boeke gelees. Wat ek gelees het, was die reisbeskrywings van Mungo Park, Speke, Stanley en ander boeke oor ontdekkingstogte, soos die van Marco Polo, Francis Drake, Capt. Cook en Scott.

Uit 'n algemeen opvoedkundige oogpunt beskou, was dit my grootste voorreg op skool om „*Plutarch's Lives*” te lees. In hierdie boek beskrywe die Romeinse biograaf en geskiedskrywer, Plutarchus, die lewe van sowat 70-80 beroemde Grieke en Romeine in pare, gevolg deur 'n vergelyking van elke twee karakters bv. Alexander en Caesar, Demosthenes en Cicero.

„*Plutarch's Lives*” het my 'n insig gegee in die historiese tradisie van die grootste manne van twee van die grootste nasies wat die wêreld ooit geken het. Daarbenewens het hy aan my 'n prent voorgehou van manmoed, lojaliteit, daadkrag en karakter wat op my jeugdige en vatbare gemoed 'n onuitwisbare indruk gemaak het.

Hierdie Griekse, Romeinse en ander helde het ek gewaardeer. Tog was hulle vir my stief — vreemd. Hulle was nie van my vlees en bloed nie.

Ek het reeds geweet ek was 'n Afrikaner en trots daarop. „*Hoe zij Stierven*” het nie 'n geringe bydrae daartoe gemaak nie.

Dit, was die invloed van één boek op 'n hoërskoolseun 50 jaar gelede.